

LEES: JOHANNES 8:31-47

Teks: Vers 31 en 32 (klem op - Joh.8:32)

Tema - beide preke: In 'n tyd soos hierdie verkondig, bely en beleef ons: Slegs die waarheid maak jou vry!

Lees vir eerste preek: v.33 en 42-44

Eerste Preek – Tema: 'n Tyd soos hierdie – die wêreld waarin ons leef

(Inleiding):

Ken jy werklik die nood van die wêreld van vandag en **weet** jy wat jou optrede en betrokkenheid as Christen **moet wees** in 'n tyd soos hierdie.

Kom ons ons kyk na van die omstandighede (die konteks) waarin ons vandag leef.

'n Prentjie van die wêreld waarin ons leef:

In ontwikkelde lande / - kulture (sg. eerste wêreld) is daar 'n wegbeweeg van God, Sy Woord en die waarheid.

In ontwikkelende lande /- kulture (sg. Tweede- en derde wêreld) is daar weer 'n gebrek aan voldoende kennis / behoefte aan meer kennis ...

In baie arm lande, kulture en groepe, is daar Bybel armoede. Daar is min of geen Bybels of ander hulpmiddels.

Daar is minderheids taalgroepe wat nog nie die Bybel in hulle taal het nie. Daar is ongeletterdes wat glad nie toegang tot die Bybel nie. Die resultaat is geestelike armoede

Aan die anderkant is daar weer 'n strewe na een wêreldgodsdienst

Daar is ook vermenging van verskillende godsdienste.

Daar vermenging van tradisionele / heidense godsdienst en die christelike godsdienst...

Dan is daar ook verskillende denkstrome: "New Age"; "Post modernisme"; ens.

Daar is die invloed van Politiek, ideologieë, tradisionalisme, formalisme, rassisme, ens.

.... dink maar aan gebeure wat die afgelope weke in ons land tot die uiterste gedryf is!

En so kan ons nog aanhou...

Al hierdie dinge het 'n invloed op die mens op jou en my... !

Dit is die vorming van 'n leefstyl deur 'n sondige wêreld ...die mag van die sonde (selfsug, eiewilligheid, immoraliteit, wetteloosheid, bandeloosheid, gesagsverwerping, gesinsverbrokkeling, ens)

...dis die mag van die duiwel en sy bose magte (satanisme, kulte, okkulte,ens). Gal.6:12

Ja dit is die onguns van die tyd / die sondige tyd / die duisternis.... dit

bring 'n gevoel van verdrukking... dit bring swarmoedigheid – soos ons dit hoor **Ps.90:** 9-11, 15

Dit bring selfs 'n donkerte in jouself (As jou "oog" dan donker is... Mat.6:23)

Wat is die mens se reaksie in 'n tyd soos hierdie ? Wat se vrae vra jy?

Wat se standpunte neem jy in ...?

Daar is mense wat in die tyd begin twyfel, of werklik nie weet nie, en vra: "Wat is waarheid?" - soos reeds eeue gelde deur Pontius Pilatus aan Jesus gevra was - Joh.18:38: 5.3

Daar is mense wat haastig standpunt inneem... Dink maar aan die sondige / afgedwaalde mens se standpunt soos o.a ook gestel in Joh. 8: 33,54,55 - Ek weet wat ek weet en ken 'n god en ek is niemand se slaaf nie. Wat moet ek dan nog meer weet en waarvan moet ek vry word!

Dink ook maar aan skeefgetrekte begrippe van God, van godsdiens en van die Kerk... Dink maar aan skeefgetrekte begrippe van vryheid. Soeke na vryheid in wêreldse strukture, groepe en mag, bv. oordrewe klem op politieke vryheid

..... die 27^e April is dit weer "Vryheidsdag"... en is daar bv. 'n eensydige viering van Vryheidsdag. Baie mense is miskien polities vry maar nog nie geestelik vry nie.

So is vryheid bv. nie om nou te doen net wat jy wil nie.

Daar is mense wat bv. Vryheidsdag vier, maar wat nie werklik geestelik vry is nie.

So is daar ook mense wat geestelik vry is, maar nie Vryheidsdag vier nie. Hoe dan nou... ?

Br's en sr's ...kinders - Ware vryheid is die wese van die Christelike godsdiens.

Dit is om weer waarlik lief te kan hê om weer in volmaakte liefde vir God en jou naaste te dien (Eks.20; Mat.22:34-40).

As jy waarlik in Christus vrygemaak is en weer aan Hom behoort, sal jy jou deur die Heilige Gees laat lei en beheers (Gal.5:24,25)

Daarom is 'n boodskap oor "waarheid" en "vryheid" van wesentlike belang !

So leer God se Woord aan ons....

Dit gaan bo alles oor Sy eer

Dit gaan oor Sy liefde / Sy genade vir die mens; Sy belofte van redding (Gen.3; Joh.3:16)

Ons hoor dit onmiddellik na die sondeval. **Die** mens is in sy sonde verdoem, gaan die ewige dood sterf, en vir ewig verlore gaan (Hel) – (Gen.1,2; Joh.8:21-24; Rom.6:23). **Die mens** is in sy sonde 'n dienskneg / slaaf van die sonde en van die duiwel (**Joh.8:33-44**; Gal.3:22; Hebr.10:14).

Ja, die mens het God nodig...

Want daar is dwaalleer / valse leerstellings.... daar is valse leraars...

En, God wil ons sondige bestaan beëindig (Rom.6:1-22).

Hy roep die mens na Hom toe terug (Mat.4.4). **Hy** wil dat ons werklik vry moet wees (Joh.8:36)

God gee Sy Seun as Verlosser (Matt. 1:18-25; Rom.5:8). **Verlossing** uit die mag van die sonde, die duiwel en die dood (Gal.6:10-17; 2 Kor.10:4,5).

Ja, Jesus is sondeloos (Joh.8:48). **Jesus** is ewig en die bron van die ewige lewe (Joh.8:51, 58,59). **Jesus is** meer as almal wat na Hom heegewys het (Adam, Abraham, Moses, Josua, Dawid, ens. – Joh.8:52-54; Hebr. 3, 4). **Jesus het** die sonde, die dood en die duiwel oorwin (1 Kor.15:53-57; Hand.2:22-32)

God gee Sy Gees (Hand.2)

God gee 'n ewige lewe (Rom.6:23)

Ja – geliefdes - My tye is in God se hand (Ps.31:16) – ondanks en teenoor die onguns van die tyd (Ps.90:9-11)
Hy gee weer vryheid en blydschap (Ps.90:15)

Daarom die vermanende oproep in God se Woord - Die mens moet sy/haar lewe, aan God oorgee en op Hom vertrou.

In tyd van nood sal jy dan nie verleë staan nie, en in tyd van gebrek sal jy genoeg hê.
Ja in 'n tyd van donkerte, sal jy tussen reg en verkeerd kan onderskei.

Slot:

Soek dan eerste en bo alles die Koningskap van God en Sy wil, **en** Hy sal aan jou gee wat nodig is (Ps.37:5, 19; Mat.6: 33; Rom.12:1,2)

Moet nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God jou denke vernuwe. (Rom.12:1,2)

Hou aan om vir God in Gees en waarheid te aanbid ! (Joh.4:21-26).

En onthou - deur ons versprei God die kennis van Christus ... die kennis van die waarheid) (2 Kor.2:12-17)

Amen